

16 Februarie

Skrifgedeelte: Josua 24:1-28
Fokusgedeelte: Josua 24:14-15

Om gelowige te wees, vra van jou volkome vertroue en volhardende gehoorsaamheid

Afskeid is altyd vir ons 'n berg om uit te klim. En tog bring afskeid dikwels perspektief; verstaan 'n mens so 'n ietsie meer van dit wat agter lê. Josua staan op 'n sekere manier in die skaduwee van Moses. En tog lees ons dwarsdeur die boek Josua dat hy 'n opregte gelowige was. Moses die meer charismatiese leier, en Josua die veggeneraal. En tog maak dit nie van Josua 'n mindere figuur nie. Nee, God gebruik Hom voluit met sy menswees om sy doel met sy volk te bereik. Natuurlik was daar foute soos met die Gibeoniete, en tog word 'n mens klein om die werk van God in sy lewe te sien. Voor die inname van die beloofde land was dit net hy en Kaleb wat onder die verspieders die inname aanbeveel het. Twee uit twaalf! Al wou die Israeliete hulle stenig, beveel hulle aan: As die HERE wil, dan sal ons. Wees getrou en vertrou op Hom. En hier by sy afskeidswoord is Josua met die wysheid van die jare aan die woord. 'n Gelowige gedra deur die HERE in sy genade. In sy jeug kon hy sê: Ons kan, want die HERE sal. En nou as hy van die openbare verhoog afskeid neem: Dink mooi oor wie julle wil dien: die afgode van die vaders van Abraham, die afgode van die Amoriete wat hulleself verslaan het of die HERE. Hy sê: Maar ek en my huis, ons sal die HERE dien. As die volk vir die HERE kies, waarsku Josua omdat hy hulle ken: Julle kan nie, want Hy is heilig en jaloers. As julle van Hom afvallig raak, sal Hy julle vernietig. Voor die aangesig van die HERE bevestig die volk hulle geloof in Hom. Josua hernuwe die verbond wat die HERE vroeër onder leiding van Moses met die volk aangegaan het. En tog eggo sy geloofstaal in jou gemoed: Ek en my huis, ons sal die HERE dien. Toegewyde erns in diens van die HERE en volkome vertroue die toekoms binne, omdat die Heilige Gees hom verseker dat God sy beloftes steeds in hom en sy kinders se lewens sal waar maak. Al lê jou lewe stukkend vanweë jou sonde, bly Hy getrou. Die HERE het sy volk en so sy kerk getref met die ballingskap, maar Hy het die breuk herstel deur sy Seun. Die genadeverbond is God se manier om jou en jou huis vas te hou.

Ds SD de Kock (Potchefstroom-Suid)